# Liturgiese Riglyne

**<u>S O N D A G O G G E N D 09:00</u>**

## Hou bene hou!

**<u>Skriflesing</u>:**
2 Korintiërs 4:16-5:10

**<u>Teksvers</u>**:
2 Korintiërs 4:16-18

**<u>Sing</u>**:
Ps 103:1, 3
Ps 119:23, 25, 27
Ps 34:1, 3, 8, 9
Sb 8-1:1 en 2
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Lourens Venter

Hou bene hou! Dit hoor ons gereeld langs die atletiek baan. Maar nie by hoogspring of spiesgooi of selfs die naellope nie.

Dit is wanneer die langafstande aan die beurt kom wat ons hierdie aanmoediging hoor. Moenie ophou nie. Moenie ingee nie, maak die wedloop klaar. Want soms kan die afstand baie ver en swaar en moeilik word. Net soos in die lewe.

Paulus kan daarvan getuig, hoeveel keer hy as te ware die dood reeds voor oë gehad het. Daarom kom die aanmoediging, hou moed, moenie in die geloof opgee nie, hou bene, hou!

**<u>S O N D A G A A N D 18:00</u>**

## God se Naam is heilig en moet altyd met eerbied gebruik word!

**<u>Skriflesing:</u>**
Fil 2:5-11

**<u>Teksvers</u>**:
Fil 2:9-11; Spr 22:1a

**<u>HK</u>**: Sondag 36

**<u>Sing</u>**:
Ps 19-1:1,7
Ps 96-2:1,2
Ps 145-1:1,12
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Gerrit Kruger

Het jy 'n familienaam of net 'n mooi naam, 'n beskrywende naam?

- Is jy trots op jou naam?
- Wat is in 'n naam?
  Is 'n naam so belangrik?

**Spr 22:1**

*"'n Goeie naam is meer werd as groot rykdom, die goeie gesindheid van ander meer as silwer en goud."*

Maar...Vir ons as christene, as kinders van God, as belydende gelowiges, kan daar niks beter en groter wees nie as...

Om God se Naam reg te gebruik nie!




# KOMMUNIKAATJIE
**Gereformeerde Kerk Centurion**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**Jaargang 49 Nr 06 25 Februarie 2024**


# Om te BEHOORT

Een van die swaarste dinge in die lewe is wanneer 'n mens *voel* dat jy nie behoort nie. Dit is belangrik om dan die onderskeid te maak tussen die gevoel en die werklikheid. Ongelukkig is dit baie moeilik as die gevoel nie wil verander of weggaan nie. 'n Mens se emosies kan soms met jou weghardloop. Want niemand kan emosies ontken of ontduik nie.

Die gevaar bestaan egter daarin dat 'n mens se emosies uiteindelik die oorhand kry, en veroorsaak dat jy opgee in die lewe. Wanneer jy jou werk verloor, wanneer jou verhoudinge verbrokkel, wanneer jy net nie gesond kan word nie, wanneer jy net nooit kan voor kom met jou finansies nie.

Dit maak nie saak hoe hard jy probeer nie, dit is asof niks wil reg loop nie. Niks wil uitwerk nie. Niks wil in plek val nie. Baie keer is dit nie een groot probleem nie, maar die klomp klein jakkalsies wat saam die wingerd verniel.

Hieroor skryf die apostel aan die Korintiërs. In sy eerste brief staan dit so duidelik, veral die eerste drie hoofstukke. Hulle is so vasgevang in 'n verkeerde denkpatroon, dat hulle nie raak sien wat God besig is om te doen nie. Hulle is so besig om met mekaar te baklei en te kompeteer, dat daar geen plek is vir groei en opbou en versterking nie.

Dit is aan die einde van hoofstuk 3 wat die apostel die belangrike opmerking maak:

***"Alles behoort aan julle."***

Daarmee bedoel hy, dat hulle in Christus die volle rykdom van God se besitting deel. Hulle moenie baklei en twis en stry soos armes wat niks het nie. Hulle moet anders dink oor hulle rykdom. Want nie net behoort alles aan die gelowiges nie, gelowiges behoort ook self. Jy is duur gekoop. Jy behoort aan Christus. Jy is die eiendom van die opgestane Heiland.

Dit is die boodskap wat ons moet uitdra! Nie net behoort ons nie, ons moet ander ook leer wat dit beteken om te behoort. Oor 'n maand begin ons Koningskinders-kamp. Dan gaan ons as gemeente ook aan kinders uit ons gemeenskap leer wat dit beteken om ryk te wees in God. Om alles in Christus te besit. Self deel ons die rykdom van God se gawes in lewensmiddele en in die Heilige Gees. Omdat alles aan jou behoort, mag jy en moet jy dit ook deel en uitdeel.

Onthou dan, ongeag jou omstandighede, dat alles aan jou behoort. En dat jy self behoort. Aan Christus. En Christus behoort aan God.

Lourens (vdm)

## *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Dien die Here met blydskap

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*
Telefoon: **012 664 2614**
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

Basdenlaan 226
Lyttelton

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS**: Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS**: Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET**: http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK**: Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: Vandag: Les 4, Ps 9:1,7 Volgende week: Les 5, Ps 145:1,2

**KLEUTERKATKISASIE**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas.

## KOLLEKTES

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid

**Volgende week:** Barmhartigheid

**Vandag:** By die deure: Kerkkas

**Volgende week:** By die deure: Emmeritaatsversorging

Weens die toenemende kriminele aktiwiteite waar kerke soms geteiken word, vra ons lidmate om asb diskreet te wees met kontant en kosbare persoonlike besittings as hul eredienste bywoon.

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

**Maandelikse bydraes dmv EFT**—Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr stuur bevestigende epos aan admin@gkcenturion.co.za



## Bybels

Bybels in al die amptelike tale sowel as in Swazi (Eswatini/Swaziland), Chichewa (Malawi), Shona (Zimbabwe), Frans (DRK), en Portugees (Mosambiek) op aanvraag beskikbaar. Grootdruk Afrikaanse Bybels ook beskikbaar.

**Hoe bestel u?** Kontak Esmé van den Berg op 083 381 6428 of skandeer die volgende kode en vul die bestelvorm in:

**Afrikaanse Bybels (2020 Vertaling)**

Beskikbaar by die kerkkantoor teen R100.

## Geestelike Opbou


van ~~25 Feb~~ vind plaas op **3 Maart**

na die aanddiens

Prof Herrie van Rooy kom gesels oor:

**Hoe die profesieë betrekking het op wat vandag in ons wêreld gebeur**

Almal welkom!




## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.



**25 Feb**

| | |
|---|---|
| Magda vd Schyff | A3 |
| Thereza Myburgh | B1 |
| Madelein van Zyl | C9 |

**3 Mrt**

| | |
|---|---|
| Christine Strydom | A4 |
| Petra Terblanche | B2 |
| Lene vd Walt | C8 |

## Wyse Gryses

(Senior Aksie)

Vind DV plaas op Maandag **4 Maart** om **10:00** in die **kerksaal**




Ons gaan Bingo speel en daarna gesellig saamkuier.

Die jaarprogram is gefinaliseer en gaan bespreek en uitgedeel word.

Almal hartlik welkom!

**Huiskontrakteur –** herstel/waterdigting van dakke; verfwerk; herstel/installering van plaveisel; teëlwerk; herstel van waterlekke; staalwerke; saag/verwydering van bome; installeer solar-drukpomp op watertenks, omskakeling van geyser na sonkrag; installasie van gastoestelle. Hennie vd Walt 082 927 4326.

**Verkoop u, u huis?** Onthou dit is u, die verkoper, se keuse om die prokureur aan te stel. Ek sal u graag daarmee wil help. Ook testamente en boedels. Pieter Wolmarans Prokureurs 083 949 8899.

**Kamer in woonhuis te huur—**vir vroulike student, Erasmuskloof, R4000pm. Wifi, elektrisiteit en gebruik van wasmasjien. Aandete teen addisionele koste. Estelle 0824460443.

## Almanak 2024 (boek)

Beskikbaar by die kerkkantoor




@ R125,00

Bring asb die korrekte kleingeld

## Koningskinders-kamp

**20—24 Maart**

Ons benodig bestanddele vir etes soos aangedui in die Kommunikaatjie asook kinderklere (5-12jr).

Enige fondse sal ook waardeer word.

Skenkings van alle produkte en benodighede kan op die stoep ingegee word.

Skakel ds Lourens 082 5292 330 vir enige navrae

MANABLOX SAFARIS

## PA-SEUN EN PA-DOGTER JAGNAWEEK

**4-7 April**

Dit is weer tyd vir Pa's en Seuns en Pa's en Dogters om hulle verhoudings te versterk. Dit is 'n naweek van saamkuier in die pragtige Bosveld. 'n Naweek om weer geloofsbande en verhoudings te versterk. 'n Naweek in die **buitelug, bosveldvure, skyfskiet en kleiduifskiet en jag**.

Indien jy belangstel moet jy vanoggend na die erediens by die olyfboom jou naam opgee by:

Ds Lourens Venter of jy kan hom whatsapp by 082 5292 330



# *Verjaarsdae*

## *Belydende lidmate*

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 25-Feb | Janette | Kotzé | B09 | 27277189249 |
| | Herman | Reinecke | A12 | 27660931017 |
| | Johann | Swanepoel | A18 | 27743595990 |
| 26-Feb | Mandi | Groenewald | C10 | 27820490022 |
| | Marnus | Smith | B13 | 27764222629 |
| 27-Feb | Niel | Erasmus | C06 | 27835072314 |
| | Jan | Henning | A10 | 27824151144 |
| | Annah | Sekhu | E01 | 27767587843 |
| | Julie | van Wyk | C09 | 27837264739 |
| 28-Feb | Henriëtta | de Cruz | B07 | 27718197235 |
| | Marine | du Plessis | A14 | 27765656257 |
| | Erna | Olivier | C11 | 27823322118 |
| | Theo | Westervelt | C09 | 27824118946 |
| 2 Mrt | Tisha | Cronjé | A09 | 27845146317 |
| | Zanie | Kruger | B09 | 27820811030 |
| | Riëtha | Maritz | A18 | 27721183258 |
| | Rina | Mc Cabe | B01 | 27845166677 |
| | Rupert | Prinsloo | B04 | 6530251 |
| | Hettie | vd Walt | C01 | 27836607888 |
| | Anel | vd Walt | E01 | 27825673643 |
| | Carien | Venter | A17 | 27630921157 |

## *Dooplidmate*

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 25-Feb | Chanel | Snyman | B10 | 27723455880 |
| 26-Feb | Adriaan | vd Westhuizen | C15 | 27795125575 |
| 27-Feb | Kara | Koch | C08 | 27724428655 |
| | Lisa | v Jaarsveld | B03 | 27828516869 |
| 1 Mrt | Marne | du Plessis | B10 | 27723281849 |
| 2 Mrt | Cilliers | Erasmus | C09 | 27828833389 |
| | Mikha | Marais | A18 | 27768164246 |
| | Juan | vd Mescht | B09 | 27845480527 |

# *Ons gee om vir Mekaar*

***"...God ontferm Hom oor ons."** Ps. 116:5*

- Manda Brink gaan 'n operasie ondergaan A15—651 4004).
- Wessel Brits sterk aan na 'n operasie (B15—656 8083).
- Elsie Kruger ontvang die week behandeling (A4—643 1453),
- Annemie van Rooy sterk aan na 'n operasie (C4—663 9187).
- Willy Bakker ontvang behandeling in Unitas hospitaal (A6—072 200 9778).
- Elna de Bruin ondergaan komende week 'n operasie (A2—083 664 2050).

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

**Beroepe aanvaar**

Proponent Desmond Magayisa na GK Pretoria -Wes met opdrag sending en kerkstigting.

## *Alethea Outreach 11:00*

Worship Service

Like us on facebook:

https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

Passage: 2 Cor 4:16-5:10—Rev Lourens Venter

# Koningskinders-kamp 2024

Baie dankie vir skenkings wat reeds ontvang is vir die Koningskinders-kamp. Dit word opreg waardeer.
Hieronder volg die bestanddele wat ons nog benodig vir die kamp.

**U kan gerus vir Gawie Erasmus kontak by 082 448 9658 vir enige skenkings**

| Bestanddele | Benodig | Skenkings ontvang |
|---|---|---|
| **Vleis** | | |
| Maalvleis | 36kg | |
| Vienna's | 8kg | |
| "Crumbed Chicken Strips" | 25kg | |
| Rooi Vienna's | 6kg | |
| Hoender Sosaties | 300 | |
| Dun Boere worsies | 15kg | |
| Hamburger Patties | 200 | |
| | | |
| **Suiwel** | | |
| Margarine | 3kg | |
| Botter | 3kg | |
| Cheddar Kaas | 17kg | |
| Melk (Longlife) | 125lt | |
| Kaas Snytjies | 200 | |
| | | |
| **Drinkgoed** | | |
| Koffie (Ricoffy) | 6kg | |
| Tee | 300 sakkies | |
| Hot Chocolate | 12kg | |
| Vrugtesap (Oros) Konsentraat | 75lt | 2lt |



| | | |
|---|---|---|
| **Groente** | | |
| Uie | 10kg | |
| Wortels | 5kg | |
| Gevriesde Groente | 6kg | |
| Tamatie | 6kg | |
| Blaarslaai | 6 koppe | |
| Aartappels | 15kg | |
| | | |
| **Vrugte** | | |
| Piesangs | 400 | |
| Nartjies | 400 | |
| Rooi Appels | 350 | |
| | | |
| **Ander** | | |
| Beskuit | 15kg | 15kg |
| Koekies | 15kg | 15kg |
| Tamatie Sous | 8kg | 0.750kg |
| Mayonnaise | 2kg | |
| Spaghetti | 8kg | |
| Eiers | 50 Doz | 50 Dos |
| Appelkooskonfyt | 3kg | |
| Goue Stroop | 3kg | |
| Mielie Meel | 8kg | 17.5kg |
| Macaroni | 10kg | |
| Kook Olie | 5lt | |
| Koekmeel | 3kg | |
| Corn Flakes | 18kg | |
| Water Ysies | 450 | |
| Ice Lollies - Roomys | 150 | |
| Polar Sandwiches - Roomys | 150 | |
| Bruin Suiker | 25kg | |